TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: Adelaide **Sinode:** *NG Kerk in Oos-Kaapland*

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terugvoervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
- [x] Kerkraad
- [ ] Wyke
- [ ] Kleingroepe
- [ ] Lidmate: byeenkoms
- [ ] Lidmate: individueel
- [ ] Ander: .....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
- [ ] Ja Hierdie dokumente is beskikbaar,
- [ ] Nee by Kerkkantoor Adelaide, vir almal.

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Belhar Belydenis moet nie 'n faktor van verdeeldheid wees nie, daarom moet daar geen gewetensdwang op lidmate, predikante of gemeentes geplaas word om dit te aanvaar nie.

Punt 6 van Konfessionele basis wat lui! "Die groei na 'n volle aanvaarding van Belhar. is 'n integrale deel van die prosesse van die nuwe Kerkverband" moet liefs uitgelaat woord.

Anders bly ons 'n swaard hou oor die Koppe van ander wat verskil. Dit getuig van onverdraagsaamheid.

Nuwe/ ander voorstelle?

Bygelowe en voorvader aanbidding moet op geen manier deel wees van die herstelde Kerk = verband.

Daar moet waarborge wees, wat verseker, dat die "goed" nie die kerk binnesluip nie.

Die Gereformeerde verstaan van die Skrif moet die "Bottom line" wees, in die vestiging van 'n herstelde Kerk = verband.

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Die herstelde Kerkverband moet 'n ruim huis wees, waarin:

* Daar plek is vir diversiteit en verdraagsaamheid van mekaar
* Toleransie vir verskeidenheid van tale/Kulture in die eenheid.
* Plaaslike kerkrade bepaal self hoe Kerkeenheid in hulle omgewing sal funksioneer.
* Daarom sal Kerkeenheid op verskillende plekke, verskillend lyk.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/weggelaat word?

Taal en Kultuur, moet nooit 'n voorwaarde van lidmaatskap wees nie, maar ons erken die feit dat die Evangelie gebring moet word in die taal, Konteks en Kultuur = idioom van elke gemeenskap/ bevolkingsgroep. 'n Mens Kan die beste in jou eie taal aanbid "Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword en vir die Grieke soos 'n Griek."

Nuwe/ ander voorstelle?

Vir mense maklik maak - deur 'n oop Kerkorde, met slegs die minimum artikels en bepalinge, wat diversiteit kan bestuur, sonder om spanning te veroorsaak.

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

* Geen proses moet ryp gedruk word nie.
* Laat elke gemeente en gemeenskap self bepaal die vlakke van samewerking.
* Verdraagsaamheid en begrip van vrese aan alle kante
* Respek vir diversiteit van taal, liturgie en kultuuridioom.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

* Gesamentlike missionêre diakonaat
* Onderlinge hulpverlening, waar sterker gemeentes, die armer gemeentes in die Kerkfamilie bystaan
* Luister na mekaar.
* Begrip van vrese, sonder enige veroordeling.

Nuwe/ ander voorstelle?

Kom ooreen dat die verlede afgehandel en verby is. Vergifnis beteken dat die foute van die verlede nie gedurig, gebruik word om die Afrikaner in 'n Skuld Kompleks te dompel. nie. As ons gedurig die verlede die Skuld gaan gee vir alles wat nou gebeur — gaan ons mekaar beslis nie vind nie. Bring eerder verwydering deur so 'n gesindheid van morele

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Maak voorsiening daarvoor dat daar in die Sambreel, nuwe herstelde Kerkverband, verskillende Kerke en gemeentes kan voortbestaan onder hul historiese eiename soos:

VG Kerke/gemeentes
NG Kerke/gemeentes
RCA Kerke/gemeentes
NGKA Kerke/gemeentes

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Moenie die sentimente geringskat in die herstelde Kerkverband.

Maak liewer 'n ruim Kerklike huis, waar almal met hul sentimente tuis en welkom voel.

Nuwe/ ander voorstelle?

Moet asb. nie in die versoeningsproses, gedurig met die verlede besig wees nie. Versoening kom waar ons in die hede met mekaar 'n pad stap, wat wys dat ons opreg is.
Versoening beteken ook om almal se vrese te respekteer en te beskerm.

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer.

→ Nederduitse Gereformeerde Kerk
→ Oor die woord "Gereformeerd" voel ons sterk.
→ Wat ook al die nuwe naam is, ons verkies om in die herstelde Kerkverband,

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

nog steeds die eienaam "NG Kerk Adelaide" te behou, as deel van die herstelde Kerkverband.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055

KERKHERENIGING: Herstel van kerkverband

ALGEMENE STANDPUNT VAN NG KERK ADELAIDE

Die NG Adelaide se algemene standpunt oor kerkhereniging is as volg:

Die herstelde kerkverband moet 'n ruim huis wees, waarin:

- daar plek is vir diversiteit van standpunte en verdraagsaamheid van mekaar
- Toleransie vir verskeidenheid tale/kulture in die eenheid.
- Plaaslike gemeentes moet self bepaal hoe kerkhereniging in plaaslike gemeenskappe tot stand kom – plaaslike kerkrade bestuur, elkeen sy eie sake en toekoms.
- Middelgrond moet versterk word, om kerkskeuring te voorkom
- Die Belhar belydenis moet nie 'n faktor van verdeeldheid wees nie, daarom moet daar geen gewetensdwang op lidmate of predikante of gemeentes geplaas word om dit te aanvaar nie. (Dit moet nie net 'n tydelike reëling wees nie, maar 'n permanente ooreenkoms.
- Taal en kultuur, moet nooit 'n voorwaarde van lidmaatskap wees nie, maar ons erken die feit dat die Evangelie gebring moet word in die taal, konteks en kultuurmedium van elke gemeenskap/bevolkingsgroep. 'n Mens kan die beste in jou eie taal aanbid. "Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword en vir die Grieke soos 'n Griek."
- Erken dat daar grondige verskille is , van hoe verskillende bevolkingsgroepe God aanbid – dit moet eerbiedig en gerespekteer word.
- Onder die Katoliek, algemene, universele kerk verstaan ons dat daar 'n verskeidenheid van kerke is, wat verskil wat betref Skrifverstaan, liturgie, taal en kultuurgebruike en spirituele styl, maar nogtans in God die een heilige algemene Katolieke kerk is.
- Dat gemeentes self bepaal die eienaam van hul kerk – NG Gemeentes, VG Gemeentes NGKA gemeentes, RCA gemeentes, moet die vryheid gegun word om onder hul eie historiese name te kan voortbestaan, onder die sambreel van die herstelde kerkverband (wat waarskynlik 'n ander oorkoepende nuwe naam sal hê)
- Dat die herstelde kerkverband ook moet poog om die ander susterkerke in die Afrikaanse gemeenskap te verenig, tesame met die Engelse Presbiteriaanse en ander Afrikatale Gereformeerde kerke.
- Kerkrade bepaal self taal, liturgie, spirutuele styl en kultuuridioom, waarin die betrokke geloofsgemeenskap aanbid.
- Erken die gelykwaardigheid van alle mense voor God en mekaar en dat die reg en geregtigheid aan almal moet geskied.
- Alle sinokrasie moet verhoed word – gesag afgewentel na gemeentes. Die Kerk bestaan in sy gemeentes en nie in sy meerdere vergaderinge nie.
- Daar moet voorkomend opgetree word dat stadsgemeentes in die metropolitaanse gebiede met die meeste stemme beleid bepaal wat ver verwyderd is van die plattelandse realiteite, behoeftes en vrese in so 'n herstelde kerkverband.
- In die herstelde kerkverband moet daar geen "oop deur" wees vir bygelowigheid, en die aanbidding van voorvaders nie. Die Gereformeerde Leer soos vervat in die Formuliere van Enigheid moet die besliste konfessionele basis vorm van die herstelde kerk.
- Vir mense maklik maak – deur 'n oop kerkorde, met slegs die minimum artikels en bepalings, wat diversiteit kan bestuur, sonder om spanning te veroorsaak.

HOE DIE HERSTELDE KERKVERBAND, WAARSKYNLIK OP ADELAIDE SAL LYK:

- Voortbestaan in nuwe herstelde kerkverband as die "NG Kerk Adelaide.", maar beslis ten volle deel van die herstele kerkverband

- Voorsien dat daar op Adelaide 3 gemeentes (NG Kerk familie) gaan voortbestaan om vir mense 'n keuse te gee wat betref die keuse in watter taal, litugie en kultuuridioom hulle wil aanbid.
- NG Kerk Adelaide – Gereformeerd en 100% Afrikaans en eie liturgie en orde bepaal.
- Oop kerk – oop lidmaatskappe (Enige persoon ongeag taal of kultuur kan aansluit, maar dan moet die betrokke lidmaat die taal, kultuuridioom en spirituele styl van die NG Kerk Adelaide eerbiedig.)
- Beywer vir groter samewerking tussen gemeentes in herstelde kerkverband deur:

a.) Gesamentlike eredienste van tyd tot tyd (soos Kerssangdiens)
b.) Gesamentlike missionêre diakonaat
c.) Onderlinge hulpverlening
d.) Verdraagsaamheid en begrip van vrese
e.) Respek vir diversiteit van taal, liturgie, en kultuuridioom.

Die NG Kerk Adelaide is histories die Afrikaanse kerk op die dorp Adelaide en daarom is dit ons onvervreembare verantwoordelikheid om in die Afrikaanse taal en konteks die Woord te bring in ons gemeenskap, in samewerking met ander gemeentes en kerke, wat die Evangelie weer in hul taal en kultuurkonteks verkondig.